TIENERS VEILIG DEUR DIE GEVAARWATERS

Julian Müller

Onlangs het ek in die gemeente waar ek help, 'n reeks gesprekke met ouers van klein kindertjies gevoer. Dit was deel van 'n doopvoorbereidingskursus vir voornemende doopouers. Ek gesels gewoonlik met hierdie ouers nie net oor die betekenis van die doop nie, maar ook oor hoe hulle die toekoms van hulle kinders sien. Wat is die dinge wat hulle bang en onseker maak oor die opvoeding van hulle kinders?

Deur die bank is die ouers bekommerd oor hulle kinders se tienerjare. Hulle is bang vir die invloed van die omringende wêreld. Wat gaan die invloed van die portuurgroep wees? Hoe kan hulle verseker dat hulle kinders nie aan allerhande verkeerde invloede blootgestel word nie? En wat van die skynbaar onweerstaanbare invloed van die media?

Ouers lê wakker oor hulle kinders. Daardie gevreesde tyd wanneer kinders hulle vlerkies begin sprei en wanneer dit vir hulle so belangrik is om in te wees by die groep, maak ouers skoon be-angs. En ook nie sonder rede nie. Ons tyd word gekenmerk deur 'n baie sterk ontwikkelde afsonderlike en alternatiewe jeugkultuur. Dit is 'n kultuur met 'n eie styl en taal en die gaping tussen die vorige generasie en die jonges word skynbaar steeds groter. Op sekere stadiums van die ontwikkeling van kind kry die ouers die gevoel dat hulle geen invloed meer op hulle bloedjie het nie en dit is 'n desperate ervaring.

In dieselfde tyd wat ek met hierdie doopvoorbereidingskursus besig was, het ons na Angela's Ashes gaan kyk. Dit is die verfilming van die aangrypende verhaal van Frank McCourt. Op 66 het McCourt hierdie eerste boek van hom gepubliseer en dit het omtrent onmiddellik 'n blitverkoper geword. Nou is dit net so gewild op die silwerdoek. Dit is die verhaal van hoe hy in Ierland groot geword het en die een terugslag na die ander oorleef het en uiteindelik vir homself 'n toekoms in Amerika uitgewerk het.

Die storie speel af in die dorpie, Limerick, in Ierland. Frank is in Amerika, in Brooklyn gebore, in die depressietyd. Sy pa besluit om na Ierland terug te gaan en hulle beland in die krotbuurt van Limerick. Sy pa is 'n dromer en storieverteller. Hy werk omtrent nooit en wanneer hy werk, drink hy al sy geld uit Sy ma, Angela, is die een wat siel en liggaam aan mekaar probeer hou. In die winters is die onderste deel van die gebou onder water.

Dit is koud en nat. Drie van sy boeties en sussies sterf as suigelinge in die haglike omstandighede.

In die inleiding van sy boek, skryf hy: "When I look back on my childhood I wonder how I managed to survive at all. It was, of course, a miserable childhood: the happy childhood is hardly worth your while. Worse than the ordinary miserable childhood is the miserable Irish childhood, and worse yet is the miserable Irish Catholic childhood."

Hy is bra negatief oor godsdiens en die neerdrukkende Rooms Katolieke rituele. Met droë humor merk hy op: "When you look at pictures of Jesus, He's always wandering around ancient Israel in a sheet. It never rains there and you never hear of anyone coughing or getting consumption or anything like that and no one has a job there because all they do is stand around and eat manna and shake their fists and go to crucifixions."

Tog het dit my getref hoedat dit juis die Roomse godsdienstige rituele was wat hierdie jong seun deur sy stormagtige tienerjare begelei het. Te midde van haglike omstandighede het die familie rigied gehou by die Katolieke gebruike. Op gegewe oomblikke het hulle as't ware uit die krotte uitgekruip en hulle beste klere aangetrek en gaan deelneem aan die seremonies wat die kerk voorskryf. Sy biegsessies by die priester is nie alleen wonderlik humoristies nie, maar ook ondersteunend en begeleidend vir die jong skuldbelaaide kindergemoed. Hierdie biegsessies het hom ook in sy tienerjare gehelp om sy stormagtige gevoelens rondom sy seksuele ontwikkeling, te verwerk. Sy konfirmasie en eerste gebruik van die nagmaal het met heelwat komiese gebeure saamgegaan, maar was ongetwyfeld 'n baken langs sy ontwikkelingspad.

Hierdie verhaal het my net weer laat besef dat die vaste Christelike rituele waarskynlik 'n groter behoudende invloed op ons kinders se ontwikkeling uitoefen as wat ons dink. Al voel ons as ouers hoe onbekwaam en bang, al beskik ons nie almal oor die vermoë om ingewikkelde teologiese gesprekke met ons kinders aan te knoop nie, kan ons dit almal regkry om sekere Christelike gewoontes in ons huise te vestig en in stand te hou. Die kerk moet ouers ook hierin begelei. Die eerste gebruik van die nagmaal, die kategeseskool se bywoning en die aflê van belydenis van geloof is hoogtepunte en moet stylvol gevier word. Kinders se verjaarsdae moet ook nie sommer so verbygaan nie en behoort ook Christelik ingekleur te word, byvoorbeeld met 'n spesiale gebed wat vir die kind gebid word en 'n lied wat saam gesing word. Die groot kerklike feeste soos paasfees en kersfees moet nie net saam met die gemeente in die kerk gevier word nie. Die gesinne moet ook gelei en gehelp word om dit in die huise te vier.

Dit is 'n waagstuk om kinders te hê en kinders groot te maak. Dit voel vir ouers dikwels soos om oor 'n wankelende toubrug te beweeg. Daarom is hierdie "handvatsels" van die Christelike gewoontes en rituele so belangrik. Dit mag miskien lyk asof dit nie veel van 'n indruk op die kind en jongmens maak nie, maar uiteindelik word dit die bakens waarvolgens hulle hulle eie toekoms inrig.